



PASTORALE BRIEF FEBRUARIE 2020

'n Besliste keuse

En nou, Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel. Gehoorsaam die gebooië en voorskrifte wat die Here jou vandag deur my gee. Dit sal tot jou voordeel wees. Deuteronomium 10:12-13

Baie kerkmense maak die fout om te reken alles gebeur so half outomaties. Dis mos genoeg as jy in 'n gelowige huis en in die kerk grootgeword het, en die Here van kleins af ken. Dan is alles mos eintlik reg met jou! Jy was tog nooit 'n heiden nie, en daarom hoef jy ook nie enigiets aan jou geestelike lewe te doen nie. Hulle kan maar aangaan soos altyd. God sal wel tevrede wees.

Ek hoop jy weet lankal wat die probleem met hierdie redenasie is. Natuurlik is dit wonderlik om in 'n gelowige huis en in die kerk groot te geword het, maar dit maak jou nie sommer vanself 'n kind van God nie. Nee, iewers langs jou pad moet elkeen van ons 'n baie bewuste en spesifieke keuse vir die Here maak. Jy moet uitdruklik en in soveel woorde vir Hom sê dat jy jou lewe aan Hom gee, en Hom die Koning van jou lewe maak.

Jy is vir God te belangrik dat Hy dit sommer vanselfsprekend sal aanvaar. Jy moet kies, en jousef vir Hom gee - en ook nie net een keer nie, maar elke dag! Ons lewe naby aan die Here is 'n lewe van daaglikse oorgawe en toewyding. Daarom: het jy al jousef vandag weer spesifiek vir Hom gegee? Nie? Dan is dit nou die tyd. Doen dit!